Downloaded from Stanmorephysics.com


KZN – DEPARTEMENT VAN ONDERWYS

GREENBURY SEKONDERE SKOOL

FINALE EKSAMENS

2017

AFRIKAANS (EAT)

GRAAD: 11 VRAESTEL 2

DATUM: /11/2017

TYDSDUUR: 2 UUR

PUNTE: 70

EKSAMINATOR: S.R.PANDAY

MODERATRISE: P.SINGH

---

HIERDIE VRAESTEL BESTAAN UIT 9 BLADSYE

---

INSTRUKSIES EN INLIGTING

Lees AL die instruksies aandagtig deur voordat jy die vrae beantwoord.

1. Hierdie vraestel bestaan uit 2 Afdelings:
   AFDELING A: POëSIE (35)
   AFDELING B: KORTVERHALE (35)
2. Beantwoord AL die vrae. Daar is geen keuses in hierdie vraestel nie.
3. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
4. Bestee ongeveer *60 minute* aan elke afdeling.
5. Skryf netjies en leesbaar.

AFDELING A: POëSIE


Lees die gedig hieronder deur en beantwword dan die vrae wat volg.

*Die snoek*

Ons in die roeiboot, jý
die roeier, sê hoe om te maak
met die handlyn: gee kort rukkies
en as jy een voel, ruk vinnig, hard. Pluk
hom in die boot, gryp
– versigtig vir die tande!
– en druk hom onder jou arm in vas
vir die hoekuithaal
en die nekbreek.

Maar hoe kon ek weet
hy's so vasgebyt aan die lewe
meer nog as aan die hoek?
hy sou veg met sy hele lyf,
sy stert sou swingel
sy kiewe gulp
na waterlug, sy oë
snags sou aanhou staar?

*Nico, Elandsbaai*



VRAE:

BLAAI OM ASSEBLIEF

1.1 Haal *EEN* woord uit die gedig aan wat aandui dat daar meer as een persoon in die roeiboot is. (1)

1.2 Voltooi die sin hieronder deur die ontbrekende woorde in te vul. Skryf slegs die vraagnommer en die antwoord neer:

'n Snoek is 'n 1.2.1 , silwer vis met 1.2.2 tande. (2)

1.3.1 Wie gee die instruksies uit in die roeiboot ? (1)

1.3.2 Hoekom doen dié persoon dit? (1)

1.4 Wat word gebruik om die snoek mee te vang? (1)

1.5 Sê hoekom die volgende stelling ONWAAR is. Haal 'n versreël aan om te motiveer.

*Die snoek moet stadig gevang word.* (1)

1.6 Rangskik die volgende stappe in die korrekte volgorde van hoe die snoek gevang en hanteer moet word. Skryf net die letters van die korrekte volgorde neer.

A. Breek die snoek se nek
B. Ruk kort-kort aan die lyn
C. Druk die snoek onder jou arm.
D. Pluk hom in die roeiboot.
E. Haal die hoek uit.
F. Pas op vir die tande. (2)

1.7 Haal 'n versreël aan wat aandui dat die snoek nie dood wou gaan nie. (1)

1.8.1 Watter waarskuwing word in strofe 1 gegee? (1)

1.8.2 Hoekom moet die vissers versigtig wees wanneer hulle die snoek behandel?(1)

1.9 Wat is die funksie van die wit spasie in reël 10? (2)

1.10 In reëls 4 tot 5 is daar 'n enjambement. Wat is die funksie hiervan? (1)

1.11.1 Noem die beeldspraak in reëls 14 en 17. (1)

1.11.2 Wat is die funksie hiervan? (1)

1.12 Wat is die boodskap van die gedig? (1)

[18]

EN

VRAAG 2

Lees die gedig hieronder en beantwoord dan die vrae wat volg.

*Ek het 'n huisie aan die Rand*

Ek het 'n huisie aan die Rand. Dis nag.
Ek het my huisie tweemanhoog ommuur;
'n draad gespan; 'n kopbeen sê: Bly weg!
Dit is 'n fort waar ek my saans verskans.

Daarbuite hoor ek mense hardloop, skote knal,
deure klap, rubberbande snerp op teer.
Dan stilte. Daarbuite hoor ek ruite val
(of is dit binne waar diefwering makeer?).

Ek het 'n huisie aan die Rand. Dis nag.
My huis, my paradys, bly lekker onversteur.
Kyk hoe blink die koppe aan my draad:
tot hier dring niemand, maar niemand deur.

Ek het 'n huisie aan die Rand. Dis nag.
Die alarm by die Trellidor hou knipoog wag.

VRAE:

2.1 Na watter tyd van die dag word daar in die gedig genoem? (1)

2.2 Kies die korrekte antwoord en skryf net die letter neer.

Na watter plek verwys die Rand?

A. Johannesburg
B. Randburg
C. Kaapstad
D. Witwatersrand (1)

2.3 Sê waarom die volgende stelling ONWAAR is. Motiveer met 'n aanhaling uit die gedig.

*Die spreker het 'n lae muur rondom sy huis gebou.* (1)

2.4 Haal 'n voorbeeld van personifikasie uit strofe 1 aan. (1)

BLAAI OM ASSEBLIEF

2.5 Haal 'n woord uit strofe 1 aan wat aandui dat die spreker veilig is. (1)

2.6 Weet die spreker presies wat buite gebeur in strofe 2? Sê Ja/Nee en motiveer jou antwoord. (1)

2.7 Haal 2 agtereenvolgende woorde aan wat daarop aandui dat vuurwapens gevuur word.

(1)

2.8 Waarmee word die spreker se huis vergelyk? (1)

2.9 Noem 3 veiligheidsmaatreëls wat die spreker by sy huis aangebring het. (3)

2.10 Vul die ontbrekende woorde in om die onderstaande sin korrek te voltooi. Skryf net jou antwoorde neer.

Die stemming in strofes 1 en 2 is die van 2.10.1 ; maar in strofes 3 en 4 verander dit na 2.10.2.

(2)

2.11.1 Watter soort sonnet is hierdie gedig? (1)

2.11.2 Motiveer jou antwoord in 2.11.1. (1)

2.12 Noem 'n voorbeeld van 'n klanknabootsing uit die gedig. (1)

2.13 Met watter ander Afrikaanse gedig is die gedig Ek HET 'n HUISIE AAN DIE RAND intertekstueel verbind? (1)

## AFDELING B: KORTVERHALE

Beantwoord die vrae oor AL TWEE die volgende kortverhale.

## VRAAG DRIE: BODY GUARDS

Lees die uittreksels hieronder deur en beantwoord dan die vrae wat volg.

> Ek laat my meesleur deur die musiek en die ritme van Doepie se lyf. Hy dans goed, sy oë heilig toegeknyp. Ek skat hy dink aan al die ouens wat hy kon gehad het as hy nie in hierdie godverlate plek gebly het nie. Ons dans soos al die ander verliefdes en loop nes al die ander hand om die lyf na ons tafel toe nadat die musiek opgehou het. Op hierdie dorp skinder almal. Nee, op hierdie dorp skinder al die normale mense oor die abnormales. Dié wat effens anders is as die res.
>
> "Ek wonder met wie van hulle drie vry daai *girl* nou eintlik?"
>
> Die outjie wat na my beduie, lyk nie eens of hy skrik toe ek hom oor my vang skinder nie. Dalk wou hy hê ek moet hom hoor. Hy gaap my al heelaand aan waar hy tussen sy vertraagde buddies langs die dansvloer sit.

3.1 Die "ek" in die uittreksel verwys na die verteller. Wat is die naam van die verteller? (1)

3.2 In watter plek is die verteller en Doepie? (1)

3.3 Haal 'n sin aan wat aandui dat Doepie miskien 'n homoseksueel is? (1)

3.4 Watter probleem ervaar die verteller in die dorp waar sy bly? (1)

3.5 *"Ek wonder met wie van hulle drie vry daai girl nou eintlik?"*

3.5.1 Noem die "drie" waarvan in die bostaande aanhaling verwys word. (3)

3.5.2 Wie sê die bostaande woorde? (1)

Al die goed wat ek nog aan hom wou verduidelik oor my vriendskap met die drie, is heel vergete. Hy trek my aan my hand op en ons dans een laaste keer saam voor hy my weer by Envir-hulle gaan los. "Hoe lyk dit, kan ek volgende Saterdagaand vir jou kom kuier?" vra hy met 'n knipoog. "Nie hier in die klub nie. By jou huis. Dat ek self kan uitvind of jou ma van my hou. En dalk selfs jou pa ook." Hy glimlag selfversekerd, draai om en stap weg sonder om vir my antwoord te wag.

3.6 Beskryf die vriendskap wat die verteller met die 'drie' gehad het? (1)

3.7 Sê waarom die volgende stelling Onwaar is. Motiveer met 'n aanhaling of in jou eie woorde.

Die verteller gaan nie terug na haar "bodyguards" toe nadat sy met haar nuwe vriend gedans het. (1)

3.8 Waarom wil die persoon (antwoord in 3.7) die verteller se ouers besoek? (1)

3.9 Haal 'n woord aan wat sê dat die verteller se nuwe vriend nie bang of onseker van homself is nie. (1)

Daar is 'n fladdering op die krop van my maag.
Volgende Saterdag sien die klub my nie weer nie. 'n Glimlag breek oor my gesig.
Envir, Doepie en Jerome is goeie pelle. Maar ek dink dis tyd om hulle as my *bodyguards* af te dank ...

3.10 Wat sê die reël: "Daar is 'n fladdering op die krop van my maag" oor hoe die verteller voel? (1)

3.11 Waarom sal die verteller nie volgende week na die klub toe gaan nie? (1)

3.12 Pas Kolom B met Kolom A. Skryf net die nommer van die vraag en die korrekte letter neer.

| KOLOM A | KOLOM B |
|---|---|
| 3.12.1 Bodyguards | A. Bang |
| 3.12.2 Die verteller se pa | B. predikant |
| 3.12.3 Die verteller | C. dokter |
| 3.12.4 Die verteller se nuwe vriend se pa | D. minderjarig |
| | E.onderwyser |
| | F. stasiebevelvoerder |
| | G.lyfwagtes |

(4)

[18]

VRAAG 4: PADKAMP

Beantwoord die volgende vrae

4.1 Hoekom raas Antjie se ma met haar aan die begin van die verhaal?

(1)

4.2 Sê hoekom die volgende stelling onwaar is. Motiveer jou antwoord.

*Antjie se ouers is gelukkig getroud.* (1)

4.3 Naby watter dorp is die padkamp waar Antjie se pa werk? (1)

4.4 Waarom is Antjie se ma ongelukkig dat Antjie haar pa by die padkamp gaan besoek? (1)

Lees die onderstaande uitteksel en beantwoord die vrae wat volg.

Terwyl hulle speel, sit Antjie op haar bed en maak asof sy lees. Elke af en toe kyk sy op, reg in Ryno se grys oë vas. Hy is oom Boy se brugmaat. Sy sou graag wou aanhou staar, want hy is maklik die mooiste mansmens wat sy nog gesien het. Maar sy is skaam, daarom kyk sy dadelik weg wanneer hulle oë die slag ontmoet. Buitendien is hy 'n grootmens; seker al naby twintig, al praat haar pa van 'n gawe seun.

Sy is bly dat haar pa en ant Molly so gemaklik is met mekaar. 'n Mens sou dink hulle is getroud, haar *handsome* pa en ant Molly wat vanaand soos 'n filmster lyk in 'n sjiffonrok wat aan haar bolyf kleef en om haar kuite uitwaaier. 'n Mens sou oom Boy vir ant Molly se pa kon aansien, veral wanneer hy so aankarring met dieselfde ou storie. Oor en oor soos 'n brommer teen 'n ruit.

Teen tienuur knipoog ant Molly vir Antjie. Dit is hulle teken dat sy nou die teegoed kan regkry. Antjie wens dat sy ant Molly se *bone china* kon leen toe sy die tee skink in haar pa se koppies waarvan nie een by 'n piering pas nie. Toe sy Ryno se melktert aangee, vat sy vingers hare oor die rand van die bordjie vas. Sy durf nie na hom kyk nie, en lank nadat sy reeds weer in haar hoekie sit, gloei haar hele hand nog.

4.5 Wat is die volwassenes besig om te speel? (1)

4.6 Wat is die verhouding tussen Antjie en ant Molly? (1)

4.7 Wie is oom Boy? (1)

4.8 Haal een woord aan wat die beste beskryf hoe ant Molly gelyk het. (1)

4.9 Haal 'n sinsdeel aan wat aandui dat ant Molly en oom Boy nie op dieselfde ouderdom was nie. (1)

4.10 Wat leer ons uit die bostaande uittreksel oor hoe Antjie oor Ryno voel? (1)

4.11 Waarom is die volgende sin ironies?

"'n Mens sou dink hulle is getroud, haar handsome pa en ant Molly..."

En toe is die vakansie verby. Sommerso. Sonder dat sy weer met Ryno gepraat het.

Ant Molly wil nie saamgaan stasie toe nie. "*Goodbyes* laat my bors toetrek, kind, maar glo my, die kamp gaan dood wees sonder jou." Sy sê dit met al haar ou hartlikheid, al kan Antjie die hartseer in haar oë sien. Ant Molly is nie onder 'n kalkoen uitgebroei nie; sy weet dat Antjie haar vermy. Tog druk sy 'n pakkie in haar hand.

"Hier, girlie, is die enigste *make-up* wat jy ooit gaan nodig kry. Steek dit goed weg vir daai kwaai moeder van jou!"

Toe Antjie by die treinvenster uithang om nog vir oulaas met haar pa te praat, kom Ryno daar aangestorm. Hy is skoon uitasem. Al is dit waarvoor sy die hele tyd gewag het, maak sy of sy hom nie sien nie. Sy waai vir haar pa want die trein begin rukkerig beweeg. Ryno hardloop saam. Sy maak asof sy reeds verdiep is in die *Rooi Rose* wat oom Boy spesiaal vir haar gaan koop het.

4.12 Haal 'n sinsdeel uit die bostaande uittreksel aan wat aandui dat ant Molly vir Antjie gaan mis? (1)

4.13 Hoekom het Antjie vir ant Molly vermy? (1)

4.14 Wat was in die pakkie wat ant Molly vir Antjie gegee het? (1)

4.15 Hoekom is Antjie kwaad vir Ryno en wil nie met hom praat nie? (2)

[17]

<u>Groottotaal: 70</u>

GREENBURY SECONDARY SCHOOL
DEPARTMENT OF LANGUAGES
H.O.D. MR S R PANDAY

GREENBURY SECONDARY SCHOOL

DEPARTEMENT VAN AFRIKAANS

FINALE EKSAMENS – 2017

GRAAD: 11 VRAESTEL TWEE

AFDELING A: POESIE

## VRAAG EEN: DIE SNOEK

1.1 "ons" (1)

1.2 .1 lang (1)

1.2.2 skerp (1)

1.3.1 Die roeier/ man wat die boot roei (1)

1.3.2 Hy leer die ander hoe om noek te vang want hulle het min ervaring (1)

1.4 handlyne (1)

1.5 "en as jy een voel, rukvinnig, hard. Pluk" (1)

1.6 B, D, F, C, E, A (2)

1.7 "hy's so vasgebyt aan die lewe" (1)

1.8.1 "-versigtig vir die tande! / eie antwoorde. (1)

1.8.2 Die snoek het skerp tande en kan die vissers seermaak. (1)

1.9 Dit dui op tydsverloop (2)

1.10 Dit dui op die beweging van die snoek wat uit die water gepluk word. (1)

1.11.1 alliterasie van die s-klank (1)

1.11.2 Dit beklemtoon die spartelende aksie van die snoek (1)

1.12 Mense noet nie diere mishandle en doodmaak nie. (1)

[18]

VRAAG TWEE: EK HET 'n HUISIE AAN DIE RAND

2.1 Nag (1)

2.2 D (1)

2.3 "Ek het my huisie tweemanhoog ommuur," (1)

2.4 " ... 'n kopbeen se: Bly weg!" (1)

2.5 "verkans" /fort (1)

2.6 Nee, want hy weet nie of die ruit / vensters wat breek aan die buitekant of binne die huis is. (1)

2.7 "skote knal" (1)

2.8 'n paradys (1)

2.9 'n hoe muur om sy huis/ daar is 'n draad/ elektriese drade / 'n sein met 'n kopbeen wat mense waarsku om weg te bly/ diefwering / 'n alarmstelsel/ trellidor. (enige 3) (3)

2.10.1 vrees/ gevaar (1)

2.10.2 veiligheid (1)

2.11.1 Engelse sonnet (1)

2.11.2 Dit het 3 kwartryne en 'n rymende eindkoeplet (1)

2.12 "skote knal"/ "deure klap" (1)

2.13 Ek het 'n huisie by die see (1)

[17}

Afdeling B: KORTVERHALE

VRAAG DRIE: BODY GUARDS

3.1 Chantel (1)

3.2 in 'n nagklub (1)

3.3 "Ek skat hy dink aan al die ouens wat hy kon gehad het as hy nie in hierdie godverlate plek gebly het nie." (1)

3.4 Almal skinder/ praat oor ander mense. (1)

3.5.1 Doepie, Envir, Jerome. (3)

3.5.2 Lance Ludik (1)

3.6 Hulle is net vriende/ die mans kyk uit vir Chantel/ soos broers (1)

3.7 "... voor hy my weer by Envir-hulle gaan los" (1)

3.8 om te sien of hulle van hom hou. (1)

3.9 "selfversekerd" (1)

3.10 Sy is opgewonde/ bly (1)

3.11 Lance besoek haar ouers by die huis (1)

3.12 .1 G

3.12.2 F

3.12.3 D

3.12.4 B (4)

[18]

VRAAG 4: PADKAMP

4.1 sy wil haar pa by die padkamp gaan besoek (1)

4.2" Dit is jou pa wat wou skei..." / hulle is geskei. (1)

4.3 Malelane (1)

4.4 Sy voel dit is nie 'n plek is vir 'n jong meisie nie./dit is gevaarlik. (1)

4.5 Hulle speel brug/ karate (1)

4.6 Antjie bly by ant Molly wanneer haar pa werk toe is / vriende (1)

4.7 ant Molly se man (1)

4.8 "filmster" (1)

4.9 " 'n Mens sou oom Boy vir ant Molly se pa kon aansien..." (1)

4.10 sy is verlief op hom/ hou baie van hom (1)

4.11 Hulle het 'n verhouding (2)

4.12 " ... die kamp gaan dood wees sonder jou" / ... die hartseer in haar oe sien"

(1)

4.13 Sy was kwaad vir haar omdat sy en haar pa het 'n verhouding. (1)

4.14 'n blokkie maskara (1)

4.15 Hy het nie weer met haar gepraat na die dans nie. (2)

[17]